die keer toe headphones alles beter gemaak het

toe ek na al die jare weer deur die dorp moes stap:

verby die irony van die
welkom/welcome/wamkelekile-bordjie
verby die eerste verkeerslig wat rooi flits
vandat die ANC hier oorgevat het werk niks meer reg nie
weet jy, Susan, ek is nie 'n rassis nie, maar voor '94
verby die eerste fortuner
die tweede een
en die derde een
wat die future sien sonder enige speed bumps en potholes
wat vyfuur olie op die tong die bediende en die tuinjong sluk
om ver buitekant die suburbs weer te gaan uitspoeg
wat saans, wanneer die white picket fences
knersend die onderkant van die straat dophou,
op standby bly in hulle paved driveways
soos good soldiers of paid mercenaries
blind faith in
elke bangmaakstorie wat begin
met 'n gedropte honda civic wat stadig
aangery kom met die bass wat skop
soos 'n blonde kind in die boot.